LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 26/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Tyd

Ons het al by verskeie geleenthede aan mekaar erken dat tyd baie vinnig verloop. Die einde van die week kom elke week al hoe vinniger nader. Die gejaag elke week maak dat alles ook vinniger moet gebeur. In hierdie proses is ons eintlik besig met 'n baie gevaarlike speletjie. Ons lees in Prediker 9 dat elke ding sy vaste tyd het. Ons is egter besig om hierdie wysheid uit te daag. Dinge kan nie vinnig genoeg gebeur nie, en as ons moet geduldig wees en wag, is ons sommer dadelik kwaad, want die mense is besig om ons tyd te mors. Soms raak ons ook so gejaag dat onsself vir God wil aanjaag. Ons bid tot God en as God nie dadelik aan ons versoek voldoen nie, word ons kwaad en wil nie meer met Hom praat nie. " Maak die beste van elke geleentheid" - Effesiërs 5:16. God wil hê ons moet produktief wees, Hy wil hê ons moet geleenthede met albei hande aangryp, maar ons moet dit met wysheid en insig doen. Daar is 'n rede waarom geduld een van die vrugte van die Gees is. Ons moet die wysheid hê wanneer om iets na te jaag, maar ons moet ook die wysheid hê om te weet wanneer moet ons stadiger en geduldig wag.

## Week se Program

### 1 September 2025

- **Krieket vs Curro o/9 (Weg)**
- **Tennisliga vs Curro**

### 2 September 2025

- **Toets: Wiskunde**
- **Hokkieliga o/12 & o/13 S vs LS Kruinpark**
- **Krieket vs LS CR Swart o/10 (Tuis), o/11 (Weg)**

### 3 September 2025

- **Groepfoto's**
- **Leiers by Crawdaddy's**

### 4 September 2025

- **Goegieland Plaasdiere Instappie**
- **Hokkieliga o/10 tot o/13 D vs LS Hoëveld**
- **Krieket vs LS CR Swart o/12 (Tuis), o/13 (Weg)**

### 5 September 2025

- **Goegieland Varkiedag**
- **Entrepreneursdag Gr. 7**
- **Loslitdag**
- **Hokkie o/10 & o/11 S vs LS Kruinpark (Tuis)**

### 6 September 2025

- **Bergfiets TWK Finaal**
- **Landloop ASA SA's**

### 5 & 6 September 2025

- **Lansdienskamp Gr. 0 & 1**

## Goegieland

Hier volg 'n paar belangrike datums en inligting vir die komende weke:

**3 September 2025 - Gradeplegtigheid-foto's**
- Bestelvorms sal volgende week in maats se kletssakkies gestuur word.
- Bestellings sluit op 30 September 2025.
- Maak asseblief seker dat alle bestellings betyds ingehandig is.

**3 September 2025 - Groepfoto's**

Groepe en kleredrag:
- Pom-Poms: (Pom-Pom rokkies, wit kouse en tekkies - inligting is gedeel op die Pom- pom groep),
- Mini-netbal: Tekkies en rokkies word by die skool uitgedeel vir die foto,
- Pumaki-rugby: Blou rugby broekie en truie word by die skool uitgedeel vir die foto.
- Drama: Swart kleredrag

**3 & 4 September 2025 - Plaasdiere-instappies**
- Koste: R60 per kleuter
- Dag 1: Voer van plaasdiere
- Dag 2: Perderitte
- Google-vorm vir toestemming en betaling is gedeel op die klasgroepe. Die Google-vorm sluit Dinsdag, 2 September 2025 om 09:00.

**5 September 2025 - Varkie-dag**
- 'n Pretdag waar ons maatjies saam lag en speel in die water en modder.
- Maats gaan nat én vuil raak.
- Stuur maats asseblief skool toe met swemklere onder 'n ou stel klere. Stuur asseblief ook 'n handdoek saam in 'n plastieksak.
- Merk asseblief alle besittings!

**10 & 11 September 2025 - Skoolgereedheidstoetse**
- Slegs vir maats waar die juffrou 'n behoefte identifiseer, of op versoek van ouers.

Groete uit Goegieland






## Akademie

Die toetsreeks het hierdie week begin. Ons glo en vertrou die kinders was goed voorbereid vir die toetse. Onthou dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat u kind bewus is waaroor die vraestelle handel, indien daar onsekerheid is, moet die onderwyser vroegtydig gekontak word.

## Voertuie

EK herinner u weer daaraan dat slegs voertuie van personeel op die terrein toegelaat word. Geen ouers mag met hul voertuig op die terrein sonder die toestemming van die hoof nie.

## Expo

Baie geluk aan Milan Zwarts en Philip Cloete wat deurgedring het na die Internasionale Expo wat gedurende die Oktober-vakansie by Emperors Palace in Boksburg plaasvind. Hulle is tydens die finale rondte van die ISF (International Science Fair) gekies om die provinsie te verteenwoordig by ISF. Slegs 10 projekte uit elke streek word gekies - dis voorwaar 'n voorreg! Baie geluk aan Leané Luddick en Minette Bezuidenhout wat in die Top 15 geëindig het met hul projekte.







## Junior Algemene Kennis

Dinsdag, 9 September 2025 om 14:00 in die skoolsaal is dit tyd vir hierdie kompetisie vir die Gr. 1- tot 3-maats wat hiervoor ingeskryf het. Onthou van die oulike boekpryse.

## Mini-Tennis

Ons begin Dinsdag, 2 September 2025 met ons amptelike tennisoefening vir Graad 1- tot 4-maats.

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdae & Donderdae | Groep 1 | 14:00 tot 14:45 |
| | Groep 2 | 14:45 tot 15:30 |

Sien ook oefentye op d6 se kalender. Onthou tekkies en gewone klere en water.

Op 13 September 2025, vanaf 08:30 tot 11:00 is daar 'n tennistoernooi vir Graad 1- en 2-maats teen R90/speler. Dit word by Sasolklub aangebied. Kontak vir juffrou Amanda van Zyl (Juf. Beertjie) in T19 vir meer inligting. Slegs 7 maats kan hieraan deelneem.

Op 19 September 2025 bied Annamarie Meyer 'n afrigtingskliniek hier by ons skool aan vir Graad 1 tot 4 mini-tennismaats. Dit is vanaf 14:00 tot 15:30. Koste beloop R160/speler. Sluit 'n medalje in.

## Krieket

Die o/9-krieketspan het op Maandag, 25 Augustus 2025 teen Laerskool HM Swart verloor met 62 lopies. Die o/10- tot o/13-krieketspanne het hierdie week teen Laerskool Middelburg in hul ligawedstryde kragte gemeet. Die o/10's verloor met 8 paaltjies en die o/11's verloor met 18 lopies. Donderdag het die o/12-krieketspan met 9 paaltjies gewen. Daantjie Lesch slaan 67 van 52 balle nie uit nie en CJ Meyer slaan 63 van 55 balle nie uit nie. Die o/13's verloor met 35 lopies.










| 1 Sept | 2 Sept | 3 Sept | 4 Sept | 5 Sept | 6 Sept | 7 Sept |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tristan v Schalkwyk | Christiaan Prinsloo<br>Migael Momberg<br>Michael Prinsloo | Olivia Ter Poorten<br>Pedro Vermeulen<br>Thea v Rooyen<br>Edrian Osborne<br>Lewanné Jonker | Dylan Koekemoer | Karlienke Koekemoer<br>Carlo Jardim | Ilincke Viljoen<br>Wiandré Rossouw<br>Hailey Moffett | Andrea de Jager<br>Ariah Schambreel<br>Gert Jordaan<br>Jonathan Hollamby<br>Malan du Plessis<br>Nikkie Strydom |

# Hokkie

Op 22 Augustus 2025 het die hokkieseuns kragte gemeet teen Highveld Ridge Primary. Die uitslae was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | Wen | 3 - 0 |
| o/11 | Wen | 3 - 0 |
| o/12 | Wen | 5 - 0 |
| 0/13 | Wen | 5 - 0 |










Spelers van die wedstryd


| | | |
|---|---|---|
| o/10 | - | Jason Hartzenberg |
| o/11 | - | Lucan Lessing |
| o/12 | - | Nico vd Westhuizen |
| o/13 | - | Lyndon Dodd |

Die uitslae van die dogtersliga teen Laerskool HM Swart op 28 Augustus 2025.

| | | |
|---|---|---|
| o/11 | Verloor | 3 - 0 |
| o/11 | Verloor | 3 - 1 |
| o/12 | Gelykop | 0 - 0 |
| o/13 | Verloor | 1 - 0 |










Spelers van die wedstryd

| | | |
|---|---|---|
| o/11 | - | Linay Hartzer & Manny Neto |
| o/12 | - | Suné de Lange |
| o/13 | - | Chloé Joubert |

Vandag, 29 Augustus 2025 meet ons kragte teen Oranjegloed Primary, kom ondersteun gerus.

# Bergfiets

Ons harte by Goedehoop is gevul met trots en dankbaarheid! Tydens die TWK MTB wedren Saterdag, 23 Augustus 2025 by Hoërskool Ligbron, het die leerders regtig goed presteer! Baie geluk aan elke maatjie wat gewys het wat in hom/haar steek. Dankie ook aan elke ouer en ondersteuner langs die baan! 'n Spesiale gelukwensing aan die leerders wat onder die Top 10 in hul kategorie geëindig het.

| | | |
|---|---|---|
| Lumé Storm (Sprog) | - | 3de |
| Sebastiaan Matthee (Sprog) | - | 5de |
| Marisa Mouton (Sprog) | - | 6de |
| Gabriella Matthee (Sub-Nipper) | - | 7de |
| Améja Dalgleish (Sub-Nipper) | - | 9de |




En al die ander maatjies wat gewys het hul KAN!

**<u>Sub-Nipper Seuns (o/6 tot o/8)</u>**
Darius Robbertse
Francois du Plessis
Wiandré Rossouw
Tristan van Schalkwyk
Ruwan van den Berg
Zayden Fouché
Edrian Osborne
Vincent Moffett
Evalt Vermaas
Jandré Jansen van Vuuren

**<u>Sub-Nipper Dogters (o/6 tot o/8)</u>**
Gabriella Matthee
Améja Dalgleish

**<u>Nipper Seuns (o/9 tot o/10)</u>**
Erik du Plessis
Stephen Mouton
Jan-Roux Jansen van Vuuren
Janco Kruger
Stian Storm
Christian Venter
Hugo Ellis
Xander Vermaak

**<u>Nipper Dogters (o/9 tot o/10)</u>**
Wiané van den Berg



**Sprog Seuns (o/11 tot o/12)**
Sebastiaan Matthee
Stephan Koememoer
Brandt du Plessis
Carter Brown
Mattias Viljoen
Gareth Smith
Kian Osborne
Liam Dalgleish

**Sprog Dogters (o/11 tot o/12)**
Lumé Storm
Marisa Mouton
Marli Potgieter
Liané Rust
Mikayla Booyens

**Sub-Junior Seuns (o/13)**
Brandon Brown

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal

Die Skakel om te REGISTREER

Warrior Princesses and Friends

